

VAN STAMVERWANTE BODEM

Onlangs het deel 78 van die reeks *Bijdragen en Mededelingen van het Historisch Genootschap* (Groningen, 1964) verskyn. Uit die jaarverslag blyk dat die Genootschap op 2-11-1963 746 lede, 23 lede-instellings, 77 buitelandse lede en 10 erelede getel het. Prof. dr. I. Schöffer het tydens die algemene vergadering die onderwerp *Viel onze Gouden Eeuw in een tijdperk van crisis?* veral na aanleiding van die krisistheorie aangaande die 17de eeu (Roland Mousnier) bespreek en betoog dat die Nederglandse Republiek tot 'n mate 'n uitsondering vorm. Vir die Transvaalse geskiedenis, waar dit die betrekkings met Nederland betref, is prof. dr. W. Ph. Coolhaas se bydrae *De Nisero-kwestie, prof. Harting en Gladstone* (bl. 271 e.v.) van belang waar dit Harting se bemoeiings sowel met Engeland as ten gunste van die Transvalers (1881) betref.

'n Belangrike publikasie is deel XX van die reeks *Historiese Studies*, uitgegee deur die *Instituut voor Geschiedenis* (Utrecht), nl. *Britain and The Netherlands, Volume II. Papers delivered to the Anglo-Dutch Historical Conference 1962* (J. B. Wolters, Groningen, 1964). Van belang vir die agtergrond van ons vaderlandse geskiedenis is prof. dr. I. Schöffer se bydrae *Protestantism in Flux during the Revolt of the Netherlands* (bl. 67 e.v.), waarin die krag van die Protestantisme onder meer as 'n belangrike faktor in die Nederlandse stryd vir vryheid en onafhanklikheid geskets is. In die sestiger jare van die sestiende eeu het die Calvinisme 'n betekenisvolle krag in die versetstryd begin word, die Reformasie het langsaam gevorder en sou ten slotte op 'n gedeeltelike sukses uitloop. Twee faktore het in die rigting van sukses gewerk, aldus Schöffer. Die Reformasie was 'n gevolg van die opstand, en die ontwikkelingsgang van die opstand het die Reformasie in Nederland ook beïnvloed (bl. 77). Na verskillende krisisse (veral tussen 1578 en 1590) het die opstand vaster grond onder die voete begin kry. Met behulp van Prins Maurits het die Calviniste in 1618 hulle stryd gewen en deur die Sinode van Dordrecht is die Kerk van die Staat op 'n streng Calvinistiese grondslag geplaas. Tot daartoe het die Calvinisme 'n wonderlike krag ontplooi tydens die opstand. Die begin was klein, tydens die Goue Eeu het die meerderheid van die bevolking aan dié Kerk behoort, maar volgens Schöffer het die Kerk nie daarin geslaag om die kulturele middelpunt van die Nederlandse Goue Eeu te word nie (bl. 83).

Uitstekende bydraes in die bundel is verder *D. J. Roorda, The Ruling Classes in Holland in the Seventeenth Century*; *J. G. van Dillen, Amsterdam's Rôle in Seventeenth-Century Dutch Politics and its Economic Background*; *C. R. Boxer, Sedentary Workers and Seafaring Folk in the Dutch Republic*; *F. C. Mather, Chartism: the Present Position of Historical Studies*, en wyle prof. dr. *Jan Romein se* beskouing, *Change and Continuity in History: the Problem of 'Transformation'*. Die inisiatief om hierdie, ook vir ons belangrike onderwerpe te bundel, kan toegejuig word. Deeglikheid is tot 'n waarlik benydenswaardige hoogte deurgevoer! Die uitgawe staan onder redaksie van J. S. Bromley en E. H. Kossman.

In verband met die opkoms van Amsterdam se handelsbetrekkings met die Oosseegebied verwys ons na drs. *J. J. M. Oostenbrink* se bydrae *Amsterdam en de opkomst van zijn Oostzeehandel* (Ons Amsterdam, jg. 16, nr. 8, Aug. 1964, bl. 249 e.v.). In *Lucerna* (jg. 5, nr. 2, Julie 1964) kom die volgende belangrike bydraes voor: prof. dr. *J. H. Coetzee, Gedagtes oor die ontstaan en wese van die Suid-Afrikaanse Rasseproblematiek*; dr. *B. Spoelstra, Die ontstaan van die 'Doppers' in Suid-Afrika*; dr. *C. van der Waal, D. Postma en Helenius de Cock*. Die redaksie-adres is: Dr. C. Trimp, Lan van Leeuwestejn 22, Voorburg, Nederland.

Die Vlaamse tydskrif *De Toerist* het 'n besondere uitgawe (Okt. 1964) aan ons land en volk gewy, waarin bydraes voorkom van die hand van *Goewerneur L. Roppe*, *A. Demedts*, *Rob Antonissen*, *P. van Molle* en *R. Onckelincs*. *A. Demedts* gee sy reisindrukke weer, *C. Mertens* beantwoord die vraag *Is Zuid-Afrika 'apart'?*, *prof. dr. R. K. J. E. Antonissen* deel mee wat die Afrikaanse letterkunde aan die Vlaming te gee het. Die totaalindruk is 'n geslagde uitgawe wat ongetwyfeld sy doel nie sal mis nie.

In *Circuit*, nr. 5 (1964) beskryf *Adriaan Dane* die Opelugmuseum naby Arnhem in *Mirror of the Past* (bl. 7 e.v.), in *Circuit* nr. 6 (1964) kom *H. George Franks* se bydrae *Holland's Peace Palace* (bl. 20) oor die geskiedenis en betekenis van die Vredespaleis voor. In *Deutschland Revue* (nr. 1, 1964) beskryf *dr. Elisabeth S. von Witzleben* die *Blutenburgkasteel*, naby Muenchen, met sy kunsskatte, terwyl die inhoud van 's *Gravenhage* (jg. 19, nr. 8. Aug. 1964) aan die geskiedenis van die gebouekompleks rondom die *Haagse Binnenhof* gewy is.

Prof. dr. P. Geyl behandel in sy publikasie *Van Bilderdijk tot Huizinga. Historische toetsingen* (Aulareeks nr. 129, Utrecht) o.m. *Busken Huet* as geskiedskrywer en *Huizinga als aanklager van zijn tijd*. Aan die slot van sy betoog verklaar die skrywer: *Ik heb niet geschroomd mij ongezouten over hemzelf en de feiten van zijn historische visie te uiten. Ik heb hem daarmee in zekere zin mijn hulde bewezen. Hij laat mij niet onverschillig. Ik blijf overtuigd van wat ik in 1938 over zijn 'Wetenschap der geschiedenis' schreef: Wij hebben maar één Huizinga.*

Dr. J. Ploeger.

BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

Aalders, G. J. D., Nauta, D., Roelink, J., Smitskamp, H. en Wieringa, W. J.: Kritisch Kwintet. Historische Opstellen, pp. 124, f. 10, Free University Press, Amsterdam, 1964.

Barckhausen, J.: Oom Paul (oorspronklike Duitse uitgawe: Ohm Krüger). Uit Duits vertaal deur *Manie Ackermann*, pp. 255, R2-00. Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1964.

Davidson, B.: The African Past. Chronicles from Antiquity to Modern Times, pp. 392, R3-20; Longmans, 1964.

De Klerk, W. A. Die Laer (Roman), pp. 348, R2-50; Nasionale Boekhandel, 1964.

Goldwater, B.: Gewete van 'n Konserwatief, pp. 145, R1-10; Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1964.

Mowat, C. L. Lloyd George (Clarendon Biographies), pp. 64, 85c. Oxford, 1964.

Pole, J. R.: Abraham Lincoln (Clarendon Biographies), pp. 64, 85c.; Oxford, 1964.

Woolrych, A. H. Oliver Cromwell (Clarendon Biographies), 85c. Oxford, 1964.